

Kammaland

Vandag gaan ons weer Kammaland toe. Vat mamma se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit!

“Hallo maatjie!” sê Willie. “Gaan dit nog goed met jou? Vandag gaan Nettie en Manie weer op ‘n avontuur. Kan jy nog onthou wat ‘n avontuur is? Verlede week het Basie boer amper vir Manie gesien. Ek het so geskrik. Ek hoop nie ons gaan weer skrik vandag nie! Kom ons roep nou vir Nettie en Manie.”

“Hallo maatjie. Is jy reg vir ons avontuur? Nettie, gaan jy saam?”

“Waarheen gaan jy, Manie?”

“Ek wil nou eers in die boom klim om te kyk watter pad vir my die lekkerste lyk! Nettie, sal jy my weer help om op Lenie leer te klim?”

“Aai ou Manie, nou maar goed, maar ek gaan nie op Lenie leer klim nie.”

“Dankie Nettie, nou ja kyk hoe hoog klim ek nou op die leer. Ooo, ek kan nou lekker ver sien!”

“Manie, wat maak so sss...?”

“Ek weet nie Nettie. Dit is seker die wind wat so deur die blare waai. Maatjie hoor jy ook die sss...? Waaat, sien ek reg, is dit ‘n slang? Nettie, hoor jy hier is ‘n ssslang in die boom! Ek moet vinnig afklim, voordat hy my dalk pik! Dit is natuurlik die nare ou Sarel slang. Is jy ook bang vir slange? Sjoe, ek was darem nou baie bang Nettie!”



“Ja, sien jy nou Manie, dit kom nou van avonture! Manie, weet jy wat, ons kan die s-klankie vir die maatjie leer! Dit is in die vorm van Sarel slang, wanneer hy so regop staan!” (Trek vir Sarel slang met jou vinger.)

“Dit is wonderlik Nettie. Sien jy nou, my avonture leer tog vir die maats iets, al is dit soms gevaarlike goed! Jy moet dit nou mooi gaan skryf en woordjies maak wat met ‘n s-klankie begin hoor. Teken dit dan ook sommer! Jy kan mos so mooi teken. Totsiens maatjie!

